Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
JANUARIE 2015
Bulletin
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Protea rolstoel basketbal-spelers in aksie saam met van die plaaslike spelers

ROLSTOELATLETE WYS HUL SLAG

Die 3de Desember was voorwaar 'n dag wat Overstrand se gestremdes nie gou sal vergeet nie! Ingestel om bewustheid te skep van mense wat met gestremdhede saamleef en hul behoeftes, het dié dag afgeskop met 'n optog deur Hawston se strate en geëindig met rolstoel-basketbal-spanne wat mekaar die stryd aansê - met een professionele speler van die Protea-sportklub aan 'n kant!

Gereël en gekoördineer deur Overstrand se Vereniging vir Mense met Gestremdhede, is daar vir jonk en oud gesorg met verskeie belangegroepe soos Overberg se Rolstoelvereniging, die Greater Whales-sportklub vir gestremdes, Rolstoel-basketbal Suid-Afrika, die Overberg-sportklub, die departement van kultuursake en sport en die munisipaliteit wat bygedra het om van die geleentheid 'n onvergeetlike dag te maak.

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport het ook hul bydrae gelewer deur die kleintjies met 'n poppekas vertoning met die tema "sê nee vir dwelms" te vermaak en 'n insiggewende praatjie oor die gevare van dwelmgebruik vir professionele gestremde atlete aan te bied wat vanuit alle uithoeke van Overstrand opgedaag het om die geleentheid by te woon.

Die hoogtepunt van die dag was egter ongetwyfeld die rolstoel-basketbal-wedstryd waartydens twee lede van die Kaapstadgebaseerde Protea-sportklub - Shawn Hartmick en Shane Williams - in die pret gedeel het.

Met die hulp van die nuutgestigte Overberg Federasie vir Gestremde Sport, en gegewe die geesdrif wat alle teenwoordiges aan die dag gelê het, is ons vol vertroue dat hierdie geleentheid op Overstrand se jaarlikse kalender van krag tot krag sal gaan.

OVERSTRAND SE VASTEAFVALBESTUUR STEEDS DIE BESTE

In die jaarlikse kompetisie om Suid-Afrika se Groenste Dorp aan te wys, het Overstrand nes laasjaar met die louere in die kategorie vasteafvalbestuur weggestap.

Om vir dié toekenning in aanmerking te kom, word daar gekyk na die netheid van woonbuurtes, stortingsterreine, oorlaaistasies en aflaaiplekke vir vullis. Daar word ook gekyk na vasteafvalbestuur in geheel sowel as herwinningsinisiatiewe en veldtogte wat daarop gemik is om die publiek en skoliere bewus te maak van goeie afvalbestuur- en herwinningspraktyke.

Munisipaliteit Overstrand sê dankie aan alle inwoners wat so mooi saamwerk om op 'n gesonde en volhoubare manier met afval weg te doen. Sonder julle hulp sou die prys ons nie beskore gewees het nie!

VRA EERS VÓÓR PLAATJIE AANGEBRING WORD

Ingevolge die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur is dit onwettig om enige struktuur - met inbegrip van gedenkplaatjies en -kruise - langs die kuslyn aan te bring of op te rig sonder dat die bevoegde owerheid toestemming daartoe verleen het.

Ongelukkig het dit deesdae mode geword om, sonder dat daar met die gesagsliggame oorleg gepleeg is, na willekeur plaatjies, kruise en ander strukture ter herdenking aan heengegane geliefdes langs Overstrand se kus aan te bring.

Hierdie praktyk doen nie net afbreek aan die aard van ons unieke, ongerepte natuur nie, maar is ook teen die wet.

Gegewe dat Overstrand se natuurlike kussone grotendeels binne die grense van geproklameerde staat- en/of publieke openbare gronde val, en dus onderhewig is aan die wette en regulasies wat vir sulke eiendom geld, word die publiek aangeraai om eers by hul plaaslike administrasie aan te klop alvorens hulle 'n plaatjie/kruis of watter tipe struktuur ook al ter nagedagtenis aan 'n geliefde oprig of aanbring.

Die mate waartoe hierdie probleem hande uitgeruk het, sal die munisipaliteit met geen ander keuse laat as om onwettige gedenktekens van hierdie aard summier te verwyder nie.

Dit kan tot groot verleentheid, en hartseer, aanleiding gee.

Dus, voordat jy 'n plaatjie of kruis ter nagedagtenis aan 'n geliefde oprig of aanbring, raadpleeg eers die munisipale administrasie in jou area. In sommige areas is heel aanneemlike alternatiewe beskikbaar - byvoorbeeld om 'n teël as deel van 'n bestaande kuspaadjie te laat lê - mits dit deur die aangewese beheerliggame geadministreer en bestuur word.

Neem kennis dat hierdie reël ook geld vir die aanbring van plaatjies aan reeds bestaande rusbanke langs openbare wandelpaaie.

'n Gul ontvangs het dr. Sylvia Earle (middel) en haar span te beurt geval met die onthulling van drie "Hope Spots" spesiaal ter ere van die bewaring van walvisse, haaie en pikkewyne langs ons mooie kus. Die beoogde wêreldwye netwerk van "plekke van hoop" sal daartoe bydra dat ons oseane as voortbringers van lewegewende suurstof en suiweraars van koolsuurgas waardeer word en dat hulle unieke biodiversiteit behoue sal bly.

OVERSTRAND TOPPRESTEERDER IN SA

Uit die onlangs vrygestelde bevindinge van Municipal IQ, 'n gespesialiseerde data- en inligtingsorganisasie wat op plaaslike regerings fokus, blyk dit dat agt van Suid-Afrika se tien top presterende munisipaliteite in die Wes-Kaap is, met Overstrand wat bo-aan die lys staan gevolg deur Stellenbosch in die tweede en Steve Tshwete (Mpumalanga) in die derde plek.

Kort nadat hierdie aankondiging die voorblaaie gehaal het, het Overstrand se munisipale bestuurder, Coenie Groenewald, op Vrydag 5 Desember onthul dat Overstrand weer eens 'n skoon oudit vir die 2013/14-boekjaar ontvang het.

In sy dankbetuiging teenoor 'n ieder en 'n elk wat hierdie prestasies moontlik gemaak het, het Groenewald erken dat dit ongetwyfeld regstreeks toegeskryf kan word aan toegewyde personeel wat trots is op hulle werk en met die volle ondersteuning van die Uitvoerende Burgemeester en die Raad as 'n verenigde beheerliggaam saam werk.

Hy kon egter nie nalaat om te maan dat hierdie prestasies geensins beteken dat die munisipaliteit nou sy strewe om aan sy konstitusionele mandaat te voldoen, kan laat slap lê nie. "Daar is altyd ruimte vir verbetering, en ons moet almal aanhou soek na nuwe maniere om goeie staatsbestuur in die hand te werk en te verseker dat ons belastingbetalers en inwoners goeie waarde vir hulle geld kry," het hy gemaan.

Hierdie ingesteldheid vind aanklank by 'n opmerking deur Karen Heese, 'n ekonoom by Municipal IQ, wat daarop gewys het dat die afname in munisipale besteding tydens die 2013/14-boekjaar aanduidend is van resessionêre impakte wat 'n negatiewe invloed op munisipale inkomste het en, derhalwe, hulle vermoë om werk te maak van die aansienklik agterstande wat in beide stedelike en landelike kontekste ervaar word.

Vir die volledige berig oor hoe Municipal IQ te werk gaan om 'n rangorde vir Suid-Afrika se 278 munisipaliteite te bepaal en hoe die onderskeie provinsies gevaar het, gaan na www.overstrand.gov.za.

Dit is te hope dat evaluerings soos hierdie, wat beide munisipale suksesse en mislukkings toelig, daartoe sal bydrae om plaaslike owerhede se aflewering in die toekoms te verbeter.

VERFYNING VAN KUSBESTUURLYNE WEER OP DREEF

Die Wes-Kaapse Regering se departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning (DEADP) het, met die ondersteuning van Royal HaskoningDHV, begin om die kusbestuurlyne wat in 2011/2012 ontwikkel is, te verfyn.

Grondeienaars en belanghebbende en geaffekteerde partye kan eersdaags skrywes te wagte wees en word aangeraai om die plaaslike koerante vir kennisgewings in hierdie verband dop te hou.

Intussen word ander belanghebbers genooi om op die databasis te registreer en/of verdere inligting te versoek deur met een van die volgende persone in verbinding te tree:

- Tasneem Steenkamp: 021 936 7694 (t), 021 936 7610 (f), overbergCML@rhdhv.com (e-pos)
- Caren George: 021 483 2724 (t), 021 483 8326 (f), coastal.enquiries@westerncape.gov.za (e-pos)

AGTERGROND:

Kusbestuurslyne het ten doel om onsensitiewe, onvanpaste en onvolhoubare ontwikkeling in sensitiewe kusomgewings in belang van openbare veiligheid en belange te reguleer en te verhoed, sowel as om die risiko's te verminder wat met klimaatsverandering en dinamiese kusprosesse verband hou.

As jy dus 'n sê in die proklamering en beheer van hierdie lyne wil hê, sorg dat jy ingesluit word by die databasis van belanghebbers wat hierdeur geraak word!

VIER NUWE RAADSLEDE… ÉN VIER NUWE RAADSHERE

Volgende op 'n reeks tussenverkiesings is drie nuwe raadslede onlangs aangestel. Hulle is rdl. Riana de Coning (Wyk 2), rdl. Sicelo Gxamesi (Wyk 5) en rdl. David Botha (Wyk 7). Rdl. Mandlake Dyani het ook as proporsionele verteenwoordiger vir die ANC by die Raad aangesluit ter vervanging van rdl. Gillion wat na die parlement gesekondeer is.

Voorts het die Raad ook tydens 'n spesiale raadsvergadering die titel raadsheer aan vier dienende raadslede toegeken. Raadslede verdien punte vir elke voltooide jaar wat hulle as raadslid dien en kry bykomende punte vir diens in die ampte van burgemeester, speaker, burgemeesterskomiteelid of voorsitter van 'n wykskomitee. Diens wat by 'n distriksmunisipaliteit gelewer word, kry ook erkenning en 'n minimum van 15 punte is nodig om vir raadsheerskap in ag geneem te word.

Die ontvangers was Philip Appelgrein (Wyk 9), burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en twee proporsionele afgevaardigdes van die ANC, Philipus May en Makhaya Ponoane. ***Baie geluk aan almal!***

Herwinning in Hawston en Mt Pleasant verloop goed, maar…

Sedert November is Hawston en Mount Pleasant ook deel van Overstrand se poging om soveel moontlik herbruikbare afvalmateriaal te herwin. Hiervolgens word 'n twee-sak-stelsel gebruik met herwinbare materiaal wat in 'n deurskynende sak en nat vullis wat in 'n drom of swart sak uitgeplaas word.

Die meeste inwoners plaas heel getrou hul herwinningsmateriaal - blikkies, papier, karton, plastiek en glas - afsonderlik in die deurskynende sak, en hiervoor sê ons baie dankie. Daar is egter gevalle waar herwinningsmateriaal sáám met nat vullis in die herwinningsak geplaas word, wat beteken dat veral die plastiek en papier vuil en nat word wat hierdie materiaal in effek onherwinbaar maak.

Die deurskynende sakke wat gratis deur Munisipaliteit Overstrand vir die doeleindes van herwinning verskaf word, kos baie geld en as hulle nie reg gebruik word nie, kan dit tot groot verliese let.

Om van die twee-sak-stelsel 'n ware sukses te maak, wil ons 'n spesiale versoek rig tot daardie inwoners in Hawston en Mount Pleasant wat die stelsel onder die knie het om asseblief handjie by te sit: As julle merk dat vriende en bure per abuis hul nat- en herwinbare vullis in dieselfde deurskynende sak plaas, wys hulle asseblief vriendelik daarop dat hulle fouteer en gee 'n bietjie raad oor hoe dié sakie in die toekoms reggestel kan word.

As almal saamwerk, kan ons 'n sukses van hierdie projek maak en kan Hawston en Mount Pleasant die res van Overstrand wys hoe 'n mens te werk moet gaan sodat ook jy 'n bydrae kan lewer tot die herwinning en, op die lange duur, bewaring van ons kosbare hulpbronne.